

Graan SA Oggend Markkommentaar

DATUM 2017/08/18	DATUM 2017/08/17			+ - WEEK GELEDE 2017/08/07		+ - MAAND GELEDE 2017/07/17		+ - JAAR GELEDE 2016/08/15		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	
	21751	-274.14	↓ -1.2%	22025	↓ -1.5%	22093	↑ 0.5%	21638	↑ 16.7%	18636
DJIA-index	1287.68	-0.56	↓ 0.0%	1288.18	↑ 1.3%	1258.38	↑ 4.6%	1230.71	↓ -3.3%	1345.79
Goud (Spot)	50.85	0.56	↑ 1.1%	50.29	↓ -1.2%	51.99	↑ 3.9%	48.94	↑ 5.8%	48.06
Brent \$/vat	1.1734	0.002	↑ 0.2%	1.1711	↓ -1.5%	1.1794	↑ 2.5%	1.1453	↑ 4.6%	1.1213
1 € / US\$	13.25	0.060	↑ 0.5%	13.19	↓ -1.0%	13.39	↑ 1.8%	13.02	↓ -2.2%	13.28
Corn	R 1 825.69	-80	↓ -2.2%	R 1 905.69	*CBOT Corn Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Sep 12:00 the previous day					
Wheat	R 1 994.96	-149	↓ -7.0%	R 2 144.23	* CBOT Wheat Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Sep 12:00 the previous day					
Soybeans	R 4 481.43	15	↑ 0.3%	R 4 465.94	* CBOT Soy Aug cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Aug 12:00 the previous day					
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)										
Corn Sep 17	350.00	-17.00	↓ -4.6%	367.00	↓ -4%	366.00	↓ -4%	365.00	↓ -5%	367.25
Wheat Sep 17	414.00	-33.00	↓ -7.4%	447.00	↓ -9%	454.00	↓ -16%	494.00	↓ -15%	488.25
Soybeans Sep 17	930.00	-1.00	↓ -0.1%	931.00	↓ -2%	949.00	↓ -6%	985.00	↓ -4%	966.75
.										
SORGHUM Dec '17	3170.00	0.00	↑ 0.0%	3170.00	↑ 0.0%	3170.00	↓ -0.1%	3174.00		NA
WMAZ Spot	1807.00	15.00	↑ 0.8%	1792.00	↓ -1.7%	1819.00	↑ 0.4%	1799.00	↓ -5.9%	4101.00
WMAZ Sept 17	1827.00	13.00	↑ 0.7%	1814.00	↓ -1.5%	1855.00	↓ -8.8%	1842.00	↓ -5.6%	4114.00
WMAZ Dec 17	1904.00	13.00	↑ 0.7%	1891.00	↓ -1.6%	1934.00	↓ -0.6%	1915.00	↓ -5.9%	4127.00
YMAZ Spot	1944.00	15.00	↑ 0.8%	1929.00	↑ 0.9%	1926.00	↑ 1.3%	1919.00	↓ -3.1%	3093.00
YMAZ Sept 17	1960.00	9.00	↑ 0.5%	1951.00	↑ 0.0%	1960.00	↓ -0.1%	1962.00	↓ -3.2%	3123.00
YMAZ Dec 17	2035.00	10.00	↑ 0.5%	2025.00	↓ -0.5%	2045.00	↓ -0.7%	2049.00	↓ -3.9%	3177.00
SOY Spot	4490.00	4.00	↑ 0.1%	4486.00	↓ -2.6%	4609.00	↓ -5.8%	4768.00	↓ -29.7%	6391.00
SOY Sept 17	4518.00	7.00	↑ 0.2%	4511.00	↓ -4.8%	4650.00	↓ -5.9%	4853.00	↓ -27.7%	6425.00
SUN Spot	4656.00	-34.00	↓ -0.7%	4690.00	↓ -1.4%	4720.00	↑ 0.0%	4654.00	↓ -19.7%	5799.00
SUN Sept 17	4692.00	-26.00	↓ -0.6%	4718.00	↓ -1.9%	4785.00	↓ -1.7%	4775.00	↓ -19.7%	5841.00
WHEAT Spot	4638.00	0.00	↑ 0.0%	4638.00	↑ 1.6%	4520.00	↑ 1.2%	4585.00	↑ 14.0%	4068.00
WHEAT Dec 17	4006.00	-38.00	↓ -0.9%	4044.00	↓ -1.3%	4099.00	↑ 4.1%	3850.00	↓ -1.2%	4098.00
NUSTSTE MARKINLITING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSЛАE										

Markoorsg: Die rand het weer veld verloor teenoor die dollar en verhandel vanoggend ongeveer 6 sent swakker teenoor die dollar vanaf gister-middag met marksluiting en verhandel vanoggend teen R13.25/\$. In die nuutste groothandelverkopesyfers wat deur Statistiek SA bekend gemaak is, word daar aangetoont dat die groothandelverkope vir die 2de kwartaal van 2017 met 1.1% toegeneem het vanaf dieselfde tydperk verlede jaar. Hierdie groei in die groothandelverkope is gunstig en dit maak ook 'n gedeelte uit van die berekening rakende die ekonomiese groei plaaslik, met die verwagting dat die land se ekonomiese groei beter gevaa het in die 2de kwartaal van 2017 as in die vorige twee kwartale. Die BBP groei was vir die vorige twee agtereenvolgende kwartale negatief gewees en dus het dit die land se ekonomie in 'n tegniese resessie geplaas. Die beter as verwagte ekonomiese groei is as gevolg van positiewe data vir die 2de kwartaal met die mynbou en vervaardigingssektore se data wat verlede week bekend gemaak was sowel as die handelsverkope van hierdie week wat alles goeie groei getoon het in die 2de kwartaal van 2017. Indien die land se BBP groei in die 2de kwartaal van 2017, sal dit die land se ekonomie uit die tegniese resessie lig. Daar is egter 'n paar bekommernisse tussen analiste met hierdie syfers wat nie vir Junieso gunstig was nie en laer as 'n jaar gelede. Dit laat egter onsekerhede oor of die BBP gaan groei in die 3de kwartaal van 2017 of nie.

Mielies: Die Amerikaanse mieliepryse het giter effens laer verhandel en het laer gesluit met die Desember kontrak wat die dag se verhandelingsband afgesluit het. Die mark het gister in 'n nou verhandelingsband verhandel met min nuwe fundamentele nuus wat tans in die markte is. Die nuutste uitvoerinspeksieverslag wat gister deur die USDA bekend gemaak is, toon aan dat die weeklike uitvoerverkope meer is as wat die verwagtinge in die mark was, maar al die uitvoerverkope is vir die nuwe seisoen mielies. Die ou seisoen uitvoerverkope is inlyn met die USDA se jaarlike skattung, maar die verwagting is dat daar van daardie uitvoerverkope kan oorskoot na die nuwe seisoen toos of dat van die kontrakte uitgewas kan word. Die weervoortsigte toon dat daar sekere gedeeltes in die oostelike dele van die mieliebelt is wat steeds droër toestande ervaar en dat sekere gedeeltes van Iowa ook die week gemis was deur die reën wat gevall het, maar dat daar volgende week moontlik beter reënval behoort te wees. Die 30 dag voorspelling toon dat die omstandighede meestal normaal behoort te wees in terme van reënval en temperatuur vir die grootste gedeeltes van die mielieprodusente streke en sommige gedeeltes kan moontlik bogemiddelde reënval verwag. Die weerstoestande wat verwag word om positief te wees, sal gunstig wees vir die produksie van mielies vir die laaste gedeelte van die produksieseisoen voor die stroopry begin.

Plaaslik: Die plaaslike mark het gister gemeng verhandel met die mark wat aanvanklik in die sessie onder druk gekom het, maar later in die sessie weer ondersteuning gevind het om sterker te verhandel. Die plaaslike mark het gister in al die kontrakmaande wat tans gelys is van beide wit- en geelmielies gesluit.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister vir die 2de agtereenvolgende dag sterker verhandel om hoër af te sluit. Die September kontrak het gister die grootste stying in prys getoon, terwyl die Desember kontrak ook effens sterker verhandel het. Die sojaboonmark het ondersteuning gevind met verdere aankope van die wêreld se grootste sojaboonvoerder, China wat 'n kontrak van 3.8 miljoen ton Amerikaanse sojabone geteken het. In gister se weeklike sojaboonuitvoerverkope wat gerapporteer was deur die USDA, is die sojaboonuitvoere vir die seisoen tans meer as wat die projeksie vir die seisoen is. Die nuwe seisoen uitvoere was ook gunstig vir die week, met die Amerikaanse sojabone wat tans teen die laer prys baie goed kompeteer in die internasionale markte. Die USDA het ook 'n groot hoeveelheid sojabone gerapporteer wat China as 'n opsiionele oorsprong geboek het, so dit kan enige bestemming afkomstig wees. Die verhandelingsvolumes in die sojaboonmark het effens toegenome vanaf die vorige dag, maar die volumes in die mark is steeds laag met min nuwe nuus wat in die markte is. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel, meestal saam met die pariteitsom. Die sterker internasionale prys sowel as die wisselkoers wat effens swakker, het gister tydens die verhandeling bygedra tot die ondersteuning in die mark.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister onder druk gekom en al die markte het laer verhandel. Die lenthokering kon nie daarin slaag om vas te hou aan die versterkings wat vroeg in die verhandeling gesien was nie en het laer gesluit. Die winterkoring het ook steeds die dalende tendens van die afgelope tyd voortgesit en het nuwe kontrak laagtepunte bereik en verhandel tans in die oorverkoop area op die tegniese grafieke. Die weeklike uitvoerinspeksies was beter as wat die verwagtinge in die mark was volgens die USDA se weeklike uitvoerverslag wat gister bekend gemaak was. Die weeklike uitvoere was op 634 117 ton gerapporteer en dit is meer as wat benodig word om aan die USDA se jaarlike skattung te voldoen. Saudi Arabië het 'n tender uitgeset om koring aan te koop en die VSA kan moontlik in besigheid wees daar, maar die kompetisie is straf vanaf die ander lande met goedkoper koring. In die weervoortsigte het daar lige reën voorgekom in sekere gedeeltes van Kansas waar die grondvog redelik laag is, maar die reën behoort gunstig te wees daarvoor met die aanplantings van winterkoring wat weer binnekort begin. **Plaaslik:** Die plaaslike korinpryse het gister weer skerp onder druk gekom en het laer verhandel vir meeste van die kontrak maande. Die September en Desember kontrakte het groot verliese getoon en sterk laer verhandel. Daar is tans onsekerheid in die mark rakende die aankondiging van die tarief en die tarief sal waarskynlik eers na die eerste trigger R379/ton vlak toe aangekondig word voor dit na die tweede trigger van R752/ton vlak toe aangekondig sal word. Wanneer so'n aankondiging gaan plaasvind en wat die tydsduur rondom dit sal wees is egter onbekend.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za/www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Michelle Mokone and Luan van der Walt/**Vir navrae, kontak:** Michelle@grainsa.co.za/Luan@grainsa.co.za

Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

